KWARTAALVERSLAG: BESTUURSKOMITEE OIV. (Julie – Oktober 2022)

Dit werksaamhede van die Bestuurskomitee verg daaglikse aktiwiteite. Ons gee die aktiwiteite van 4 maande weer, omdat dit nou vir die Bestuurskomitee die besigste tyd raak. Ons gee ook verder terugvoer by die AJV.

1 Watervoorsiening: Dit is wonderlik om te rapporteer dat ten spyte van die beurtkrag en het Oesterbaai nie een enkele dag sonder water was nie. Buks en Otto verseker deur deurlopende kommunikasie dat die nodige pomp van water na die reservoir rondom die beurtkragtye geskied. Waterlekke word ook deurlopend binne 24 uur herstel.

2 Duine. Die Munisipaliteit het weer opruimingswerk gedoen. Die begroting is egter uiters beperk. Die punte van die duine word ook weer met takke “stabiliseer”. Walter en Otto het gereeld met die betrokke Munisipale amptenare geskakel.

3 Die staproete is nou voltooi. Dit is groot aanwins vir Oesterbaai. Naamgewing van die Staproete sal gedurende die komende vakansietyd gedoen word. Hou die WhatsApp boodskappe dop vir meer inligting. Dankie Otto!

4 Gedurende hierdie verslag tydperk het die toegangspaaie erg verspoel na ‘n goeie stort reënbui. Vertoë vir herstel het op dowe ore geval. Na druk op die Raadslid is die gevaarlikste slote opgevul. Die pad word tans geskraap. Die interne paaie is gereeld deur Buks herstel en gate gevul. Die slaggate in die teerpaaie is ook met teer gevul.

5 Op Saterdag 17 September 2022, gedurende Internasionale Strandskoonmaakdag, het die OIV Bestuur weer ‘n aksie geloods. Die Oesterbaai strand was nog redelik netjies en is die skoonmaak na die punt se kant toe geloods. Met die hulp van die NSRI is ‘n groot hoeveelheid gemors verwyder. Ons dank aan almal betrokke.

6 Die Munisipale Wyksvergadering wat op 18 Augustus sou plaasvind is ontwrig en moes afgestel word, vanweë demonstrasie deur ‘n aantal Umzamowethu inwoners. Dit was ‘n jammerlike gebeurtenis, omdat dit ons ontneem het van die geleentheid om behoeftes aan die Munisipaliteit te kommunikeer. Die Wysraadslid het hierna doodsdreigemente ontvang, wat haar vir ‘n geruime tyd buite aksie gestel het.

7 Ons kommunikeer herhaaldelik met die Munisipaliteit en raadslede oor die instandhouding van die Gemeenskapsaal wat ons steeds namens die Munisipaliteit bestuur. Vensters, die dak, elektrisiteitstelsel en beligting het dringend aandag nodig.

8 Ek ontmoet maandeliks met die Munisipale wykskomitee verteenwoordiger, Mariekie Smit, om haar by te staan met die formulering van haar maandverslag. Op die wyse word die behoeftes van Oesterbaai en Umzamowethu onder die aandag van die Munisipale Raad gebring.

6 Die Telkompale wat gerapporteer is, is verwyder. Hierdie aspek gaan verdere skakeling benodig, aangesien baie van die pale en kabels onooglik is en kabels op plekke weer op die grond lê.

7 ‘n Bossiekapper/randsnyer word aangekoop om die terrein by die saal netjies te hou en op plekke te sny waar die Munisipaliteit nie byhou nie.

8 Ontmoet met Bouwen Shellingerhout, ‘n landskapsargitek wat ook ‘n Oesterbaai inwoner is, om voorstelle te bespreek vir verfraaiing van die Dorp. Hieroor sal meer breedvoerig by die AJV berig word.

9 Vergader met Anescha van die Munisipaliteit se Toerisme en Ekonomiese Ontwikkelingsafdelings om behoeftes in Oesterbaai en Umzamowethu te bepreek.

10 Die Biblioteek gaan van krag tot krag. Die ledetal groei steeds.

11 Die gemeenskapsaal word hierdie jaar meer dikwels gebruik. Onder Adriaan en Maranda se bestuur word die saal skoon en in ‘n goeie toestand terug ontvang.

12 Sandwater Pimary School het ons genader vir hulp vir twee leerders wat uitgeblink het in ‘n spankompetisie. Die 2 leerders het in Stellenbosch gaan meeding. Genoeg bydraes is ontvang, sodat die leerders met ons bydraes met sweetpakke ens. uitgerus kon word. Ons bedank al die ondersteuners.

13 Sandwater Primary School het verder by hulle jaarlikse prysuitdeling ‘n Spesiale toekenning aan die OIV gemaak vir ons bydrae gelewer tot die Skool. Adriaan en Maranda het die geleentheid bygewoon en die Sertifikaat in ontvangs geneem.

14 Ons sien uit na die Oesterbaai Kersmark wat weer hierdie jaar plaasvind. Ons bedank Riekie en haar komitee vir die al die harde werk wat hiermee gepaard gaan. Sien meegaande kennisgewing.

15 Die EPWP program (strandskoonmakers) is weer in werking na navrae deur die OIV.

16 Ses bestuurslede ontmoet op Saterdag 15 Oktober 2022 met proporsionele DA Raadslid Shena Ruth. Oesterbaai en Umzamowethu se behoeftes is aan haar oorgedra. Tee en koek wat Shena gebak het, is geniet.

Ek bedank ons Bestuurlede vir hulle toegewyde, harde werk.

Walter Kurten

Voorsitter